KERSUITVOERING

25 NOVEMBER 2012

EK GLO

Enigste Here, enkele Wese,
ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vryuit getuig ons:
U is vir ewig God en Heer.

U, onbegryplik, U is onsienlik,
altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig –
U is die bron van alle goed.

1. VOORLESING
Geloofsbelydenis **Henriëtte Boot**

2. GEMEENTE **Skrifberyming 12-2 (27)**
Ek geloof
Ek geloof in God die Vader wat almagtig, wys en trou
Skepper is van alle dinge en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, in Sy hoogheid onse Heer.

Hy, wat deur die Gees ontvang is – die geheimenis is groot! –
en gebore is uit Maria, uit die maagdelike skoot.
wat gely toe Pilatus onregsvonnis het gevel –
kruis en doodsmart ondergaan het, al die angste van die hel.

Wat die derde dag verrys het, daar die dood Hom nie kon hou:
na die hemel opgevaar het deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte, aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weer kom as die Regter van wat dood is en wat leef.

3. SOLO
O Heer my God **Francois Botha**

4. VOORLESING
Psalm 19 : 1 – 5 **Coen Vrey**

5. KOOR **Joan, Arthur, Francois**
The heavens are telling **Haydn**

6. TROMPET **Bouwe van der Eems**
Hoor die blye engellied

7. GEMEENTE
Hoor die blye engellied **Hallelujaboek 34 : 1, 2, 3**
Hoor die blye eng'lelied aan die Koningseun gebied:
"Vrede op aard – aan God die eer! God daal tot die sondaar neer!"
Wil met elke hemeling ook aan God u loflied bring;
voeg by eng'lekoor u stem: God verskyn in Betlehem!
Hoor die skone eng'lelied aan die Koningseun gebied.

Christus, daar omhoog vereer – Christus, ewig God en Heer –
Is deur godlik' raadsbesluit uit 'n reine skoot gespruit.
In die vlees sy needrig' lot – vlees geworde Woord van God!
Mens, met mense saam getel, Jesus, ons Immanuel!
Hoor die skone eng'lelied aan die Koningseun gebied.

Hy, die Hemelvors van vree, deel geregtigheid ons mee,
lig en lewe in elk' land, en genesing deur sy hand.
Diep het Hy hier neergedaal om ons uit die dood te haal;
deur sy koms word Adamskind ewig weer met God verbind.
Hoor die skone eng'lelied aan die Koningseun gebied.

8. SOPRAANSOLO **Joan van der Merwe**
The Holy City

9. GEMEENTE
Stille Nag **Hallelujaboek 36 : 1, 2, 3**
Stille nag, heilige nag, alles rus; eensaam wag
slegs Maria, geseënde vrou,
by haar Kindjie, met Josef so trou:
Soete, hemelse rus! Soete, hemelse rus!

Stille nag, heilige nag, oor die veld lief en sag
klink die lied van die engelekoor –
eers deur herders, dan verder gehoor:
Juig, die Redder is daar! Juig, die Redder is daar!

Stille nag, heilige nag, Jesuskind vriend'lik lag
liefde teer uit U godlike mond,
tans daag heerlik die vrywordingstond –
Heer, gebore vir ons! Heer, gebore vir ons!

10. KOOR
Heilige Jesus **Harmonisasie E. Conradie**

11. DAMESKOOR
Soos 'n wildsbok **M. Nystroom verwerking M. Martinson**

12. GEMEENTE
Kom alle getroues **Liedboek 345 : 1, 2**
Kom, alle getroues, vrolik en vreugde,
o kom in die gees nou na Betlehem!
Loof daardie Kindjie tot ons heil gebore –
kom buig daar in aanbidding,
kom buig daar in aanbidding,
kom buig daar in aanbidding, voor Jesus, die Heer.

'n Kind is gebore; loof die God van liefde!
Hy kom ons verlos, Hy is Wonderbaar,
Raadsman en Sterke, God en Vors van vrede!
Ons buig in bly' aanbidding,
ons buig in bly' aanbidding,
ons buig in bly' aanbidding, Verlosser en Heer!

Kom, lofsing die Here, Hy is onse Koning.
Vir ons word Hy mens en oorwin die dood.
Hy heers met reg in hemel en op aarde –
buig dankbaar in aanbidding,
buig dankbaar in aanbidding,
buig dankbaar in aanbidding voor Christus, die Heer!

13. VIOLE **Rea Costerus en Elrè Gerber**
Pie Jesu **Andrew Lloyd Webber**

14. SOLO **Arthur Appleby**
Liefde was **Don Wyrtzen en John Walvoort**

15. KOOR
Lord, listen to your children praying **Ken Medema**

16. GEMEENTE
Somer-Kersfees **Liedboek 358**
Welkom, o stille nag van vrede, onder die Suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis:
Kersfees kom, Kersfees kom – gee aan God die eer.
Skenk ons ‘n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye vertel die ou verhaal.
Kersfees kom, Kersfees kom – gee aan God die eer.
Skenk ons ‘n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

Voel jy ook nou Sy warm liefde as ons die dag gedenk.
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom – gee aan God die eer.
Skenk ons ‘n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

17. HARP EN FLUIT **Jana Opperman en Lerinne Joubert**
The First Noel; Oh Holy Night

18. KOOR
In U is vreugde **Melodie Gastoldi Teks E. Kloppers**

19. GEMEENTE **Trompetbegeleiding**
Halleluja, prys die Heer **Liedboek 339 : 1, 2**
Halleluja! Prys die Heer, mensdom, bring aan Hom die eer!
Juig, die Woord het mens geword; so Gods liefde uitgestort.
Vir die mens in skuld verlore bring Hy heil en heerlikheid.
Prys en roem sy majesteit! Juig die Heiland is gebore!

Sing en juig in dankbaarheid, loof die hoogste Majesteit –
Hy wat in die Hemel troon het hier onder ons kom woon!
Loof Hom , loof met vreugdekores sing ‘n nuwe jubellied,
Juig – die wonder het geskied – Jesus Christus is gebore!

20. KWARTET **Gerry, Corry, Hugo, Gustaaf**
Seëngroet

Koorleidster: Lizette Opperman
Orreliste: Annelie Groenewald

U word almal hartlik uitgenooi om saam verversings in die teedrinklokaal te geniet